Bettysbaai
Buurtwag

Noodnommer:072 015 5729
Koördineerder: 082 528 6053
E-pos:bbaynhw16@gmail.com

BBBW INLIGTINGSBULLETIN 6 VAN 2020

Liewe Lede

INLEIDING

1. Baie dankie aan almal wat skenkings gemaak het; dit verleen aan ons groot vertroue om voort te gaan om ons diens aan die gemeenskap te verbeter.

2. Dankie ook aan almal vir insette, voorstelle en misdaadaanmelding. Noudat ons alle stropery-aanmelding verskuif het na die gepaste forums op WhatsApp, beskik ons oor meer tyd vir opvolgwerk aangaande ander Buurtwagadministrasie en -ontwikkeling.

VERGADERINGS

3. Op die laaste Woensdag van elke maand vergader ons by die Crassula-Saal en bespreek sake rakende misdaadvoorkoming. Hieronder veskyn die lys van lede wat vergader tot voordeel van die gemeenskap. Ons het ook uitgenooide gaste wat met ons kom praat oor belangrike aangeleenthede in die dorpies. Byeenkomste duur ongeveer twee uur.

Wayne Jackson	Voorsitter	BBBW	Aktiewe lid
Rob Morrisby	Sekretaris	BBBW	Koördineerder
Gerald Scholly	Beheer	Sunny Seas	Aktiewe lid
Zachie Loodts	Beheer	Sentraal	Aktiewe lid
Fanie Krige	Raadslid	Wyk 10	Passiewe lid
Jacques Oosthuizen	Voorsitter	GPF	Adviseur
Dennis Greenwood	Reaksie	Stony Point	Aktiewe lid
Herman Breedt	Reaksie	Stony Point	Aktiewe lid
AnalizeBreedt	Reaksie	Stony Point	Aktiewe lid
Blacky Swart	Reaksie	Lake Side	Aktiewe lid
Colin Mc Gregor	Adviseur	BBBW	Aktiewe lid
Donovan Ackerberg	Areaverteen.	Rondevlei	Aktiewe lid
Ruby Ackerberg	Areaverteen.	Rondevlei	Aktiewe lid
Conrad Louw	Reaksie	Silver Sands	Aktiewe lid
Penny Davidson	Areaverteen.	Rondevlei	Aktiewe lid
Neville Ackerberg	Areaverteen.	Rondevlei	Aktiewe lid
Brian Van Der Merwe	Eienaar	Sandown Bay	Adviseur
Johan Westland	Bestuurder & AV	Sandown Bay	AV/Rugsteun
Gerhard Bruwe	Eienaar	CULIVE	Adviseur
Dolly Kirsten	Koördineerder	CULIVE	AV/Rugsteun
Freek Van Deventer	Bestuurder & AV	BOLT	AV/Rugsteun
Johan Pretorius	Bestuurder	ASK	Adviseur
Warren	Bestuurder	ASK	AV/Rugsteun

Tans benodig ons areaverteenwoordigers – diegene wat gereeld in hul eie buurt stap en wat veranderinge baie gou sal oplet en wat dit by ons kan aanmeld.

GENOOIDE GASTE

4. Inligting oor hoe om bobbejane veilig uit ‘n huis te verwyder deur Gavin Lundie en Renee Bish. Gavin Lundie woon al drie jaar lank in Rooiels en het voorheen vir nege jaar in Bettysbaai gewoon. Hy het die geleentheid gehad om van bobbejane te leer by Joselyn Mormile en Dr. Jenny Stark. Gavin het meer as 250 uur gewy aan die bestudering van bobbejane in Rooiels. Gavin het by verskeie geleenthede bobbejane uit mense se huise gaan verwyder. Hy ken ook al 26 individue en het ons toegespreek oor hoe om hulle op ‘n veilige manier uit huise te verwyder.

Ons het die volgende geleer:

5. Die heel belangrikste is om kalm te bly en ‘n kalm, nie-bedreigende atmosfeer of ruimte te skep. Sorg dat daar ‘n oop roete is vir bobbejane om maklik uit te gaan. Dit help as daar twee mense is. Al die ander mense kan die onmiddellike area verlaat totdat die bobbejane vertrek het, en kan dan kom help skoonmaak.

6. As bobbejane toegang gekry het tot ‘n huis wanneer die mense-inwoners nie daar is nie, en die alarm gaan af, sal die sekuriteitsmaatskappye poog om hulle te verwyder – soos per kontrak. Dit is egter baie moeilik vir hulle om bobbejane te verwyder as die personeel nie die huis kan binnegaan nie om ‘n veilige ontsnaproete vir die bobbejane te skep om die huis te verlaat. So ‘n situasie is nie ideal nie.

7. Ons moet nadergaan en hulle stilweg uithelp met positiewe liggaamstaal – effens vooroorgebuig met arms wat met gebare aandui dat hulle moet uitgaan. Wanneer ‘n mens bobbejane benader, wys hulle soms hul tande. Dit is ‘n “vreesgryns” wat beteken dat hulle bang is vir die *mens*. Die tweede persoon keer dan dat hulle terugkom in die huis, terwyl die ander persoon voortgaan om met gebare aan te dui dat hulle moet uitgaan. Sodra hulle almal die huis verlaat het, moet albei mense hulle uit die tuin of area uitlei.

8. As u te skrikkerig is om die uitleiery self te doen, skakel vir Renee Bish of vir ons, en ons sal probeer help.

9. Hou in gedagte dat wanneer bobbejane bang is of bedreig voel, hulle begin mis, mekaar byt en rondhardloop, en dan word die werklike skade aangerig. So ‘n situasie is dus voorkombaar.

10. Gavin en Renee stel dit duidelik dat - na hulle mening en uit hul lang ervaring van werk met bobbejane – stokke, klippe, windbukse, wapens en harde geskreeu, onnodig is. ‘n Kalm benadering is die beste.

11. Ons het ook geleer omtrent die liggaamstaal van bobbejane en ander interessante wenke gekry. Een van die belangrikste feite is dat as die mens se kosbronne verwyder word, bobbejane net verder sal wei, soos wat hulle op natuurlike wyse doen. Ons het ook geleer dat bobbejane nie gevaarlik is nie, en in oor die 60 jaar nog niemand aangeval of beseer het in Rooiels nie.

12. Troeteldiere sal soms bobbejane aanval, maar bobbejane sal nooit ‘n hond aanval nie. Hulle sal altyd net probeer ontsnap. Gavin sê bobbejane is prooi, en nie roofdiere nie. Wyfies het nie groot slagtande nie.

VUILGOEDDROMME EN SWART SAKKE

13. Wat kan ons as passiewe en aktiewe BBBW-lede doen om die afval– en bobbejaanprobleem aan te spreek? Daar was eenstemmigheid dat almal ‘n vullisdrom met sekerheidsdeksel moet hê. Dit word dan onnodig om ‘n swart sak langs die pad te laat lê. Besoekers en naweekeienaars kan met goedgesinde bure ooreenkom om na vullis om te sien op die aangewese dag. As daar geen vriendelike bure is nie, dan sou BBBW genader kon word om ‘n aanvaarbare oplossing te vind.

EIENAARS WAT EIENDOM UITVERHUUR AAN VAKANSIEGANGERS

14. Dit is duidelik dat vakansiegangers misdaadteikens word. Besoekers moet ingelig word om oplettend en veiligheidsbewus te wees wanneer hulle Bettysbaai besoek. Lede word aangemoedig om hierdie inligting met almal te deel.

MISDAADSTATISTIEK

15. Voortaan sal slegs een persoon van die BBBW die “JOCOM” bywoon, en nie meer twee nie. Die amptelike statistiek sal aanvaar word soos wat dit ontvang word. Ons sal egter ons eie syfers bywerk vir ons verslag aan lede.

STRAAT/HUISNOMMERS EN ERFNOMMERS

16. Ons versoek alle inwoners om straat/huisnommers aan te bring teen hul mure, sowel as erfnommer, om dit vir ons makliker te maak om te reageer op noodgevalle. Nuwe lede word voortdurend bygevoeg tot BBBW en almal is nie bekend met hoe die volgorde van erfnommers werk nie. Wanneer is daar skielik ‘n 5000-nommer tussen ‘n ry 3000’s, en nog belangriker, waar? By straat/huisnommers gebeur dit nie, en word ‘n streng gelyke/ongelyke nommeringstelsel gevolg van begin tot einde van die straat.

BBBW ALGEMENE JAARVERGADERING 2020

17. Die AJV van 2020 vind op Saterdag, 5 Desember om 10:00 plaas by die Crassula-Saal. Vireers is die volgende belangrik:

a. Slegs 50 mense mag op enige tydstip in die saal wees. Die eerste 50 lede wat aandui dat hulle gaan bywoon, sal dus toegelaat word.

b. ’n Agenda sal beskikbaar wees voor die vergadering en almal mag kommentaar lewer voor die vergadering aan die Voorsitter van die BBBW. Kommentaar, menings en aanbevelings sal saamgevat word en oorweeg word tydens die vergadering. Dit sal aan die aanwesiges voorgelees word, en sal deel vorm van besluitneming.

c. Daar sal gestem word oor ‘n aantal grondwetveranderinge, wat aan almal beskikbaar gestel sal word voor die AJV.

d. ‘n Aantal gaste en ontvangers van toekennings sal genooi word. Hierdie getal sal tot die minimum beperk word.

OPEDAE

18. Dit is dae spesiaal opsygesit vir lede en alle huiseienaars om op een-tot-een-basis met die leiers van ASK, BBBW, BOLT, CULIVE en Sandown Bay Security in gesprek te tree. Die datums is soos volg:

a. Saterdag, 19 Desember 2020 van 10:00 to 12:00, gevolg deur ‘n bring-en-braai. Plek: die omgewing van die Crassula-saal parkeerarea en BBBW HK agter die Crassula-saalgebou.

b. Saterdag, 9 Januarie 2021 van 10:00 to 12:00, gevolg deur ‘n bring-en-braai. Plek: die omgewing van die Crassula-saal parkeerarea en BBBW HK agter die Crassula-saalgebou.

OPLEIDING EN PROJEKTE VIR 2021

19. Daar is oor die volgende ooreengekom:

a. Een of ander veiligheidsopleiding sal tot voordeel van BBBW-lede wees. Die wat, hoe en deur wie sal in 2021 gefinaliseer word.

b. Radio-opleiding vir alle radio-gebruikers aangebied deur Rob Morrisby sal plaasvind gedurende Januarie 2021.

c. Departement van Gemeenskapsveiligheid: Daar is ‘n DGV-aanbieding wat geldig, relevant en belangrik is. Uitgesoekte persone sal genader word om dele van die aanbieding te doen aan BBBW-lede en wie ookal anders wat dit graag wil bywoon. Enigiemand is welkom, afhangende van wetlike beperkinge.

d. Besprekings rakende kamerastelsels sal voortgaan hierdie jaar, hopelik om geïmplementeer te word gedurende 2021.

20. Akkreditasie bly ‘n uitdaging vir redes wat ons nie verstaan nie. Ons sal egter bly opereer onder gesag van ons GPF en die SAPD.

BRAAI

21. Op 25 November 2020 is dit ons jaarafsluiting in die vorm van ‘n bring-en-braai agter die Crassula-saal vanaf 16:00 tot afhandeling. ASK-lede, BBBW-aktiewe en passiewe lede, BOLT-lede, CULIVE-lede en Sandown Bay Security-lede is welkom. As u hierdie e-pos ontvang, is u ‘n passiewe lid en mag u dit bywoon. U mag ook ‘n bydrae lewer by die geleentheid sou u wou. Ons sal nie politiek of godsdiens praat nie.

PARKEERAREA BESTUURDERS

22. Daar is ooreengekom dat BBBW – indien so versoek – die proses van werwing en toesig oor die lede tydens die vakansietyd sal bestuur. Dit sal binnekort gefinaliseer en in werking gestel word. SAPD sal klaring verskaf van die lede. Die idee is om motorwagte te hê by Dawidskraal, Hoofstrand, Draadbaai en Silver Sands parkeerareas.

DANK AAN DIE MUNISIPALITEIT

23. Baie dankie aan die operasionele bestuurder, mnr. Denovan van Rhodie, vir sy vinnige reaksie mbt die vervanging van twee padtekens. Die “To Beach”-teken h/v Myrica en Disa is binne twee dae vervang nadat ons die saak aangemeld het. Die ander teken is onder in Crassulastraat wat die pikkewynkolonie aandui. Hierdie padteken is reeds bestel en aflewering word verwag.

BELANGRIKE DATUMS

24. Hiermee ‘n opsomming van belangrike datums:

a. 25 November 2020 Braai

b. 5 Desember 2020 AJV

c. 19 Desember 2020 Opedag

d. 9 Januarie 2021 Opedag

TER AFSLUITING

25. Dit gaan met ons goed waar ons die vakansietyd nader. Ons moet egter almal oplettend bly en ongerymdhede aanmeld. Mag ons almal die belangrikheid insien om deel van gemeenskapsaktiwiteite te wees, en hoe blangrik ons almal vir mekaar se veiligheid is. Aan diegene wat iewers anders gaan vakansie hou, mag julle ligte winde en kalm seewaters ervaar. Aan diegene wat terugkom of hier gaan bly, wees asseblief deel van ons veiligheidspogings.

26. Die 28ste Oktober was ons laaste vergadering van die jaar, en hierdie is waarskynlik ons laaste Bulletin van die jaar. U is welkom om ons te kontak, sou u enigiets wou byvoeg of kommentaar wou lewer oor iets.

Figuur 1 Die rekeningbesonderhede is soos volg: Ons verwysing is u erfnommer en bbnw

- BBRA Current Account **ABSA** Hermanus,
  Branch Code 632005,
  Account No **4066 6164 39**

Figuur 2

Zone	Naam	Van	Selnommer	Roepsein
BBBW	Wayne	Jackson	0829281260	Alpha
Rondevlei	Donovan	Ackerberg	0728868323	Romeo
Stony Point	Rob	Morrisby	0825286053	Bravo
Sentraal	Zachie	Loots	0834532344	Charlie
Sunny Seas	Gerald	Scholly	0832225598	Echo
Bettysbaai	ASK		0711359029	ASK
Bettysbaai	Bolt		0612001246	Bolt
Bettysbaai	CULIVE		0861626347	CULIVE
Bettysbaai	Sandown Bay		0670655420	Sandown Bay 1
Bettysbaai	Sandown Bay		0670655420	Sandown Bay 2

Figuur 3



Romeo

Alpha

Bravo

Charlie

Echo